GROND EN LANDELIKE BERAAD

ANDRIES VAN DER POLL
KLIPDRIFT
MALMESBURY

AGTERGROND

- Gebore 1972 in Vredendal.
- Word groot op Molsvlei, kommunale plaas in dorre Namakwaland.
- Verwerf Landbou Diploma op Kromme Rhee 1992.
- Eerste vaste werk 1994 op Hexrivier Sitrus in Citrusdal.
- Huur Klipdrift by Dept. Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming, 30 jaar kontrak.
- Ons begin op 17 Augustus 2013 op Klipdrift.
- Ons boer met slaglammers , speenkalwers, koring en mielies.
- Ander gewasse word vir lewendhawe verbou.
- Pas bewaringslandbou praktyke toe.

HOEKOM DOEN ONS DIT?

- Ek is op `n wingerd plaas gebore, maar het op ' n kommunale plaas groot geword met skape, boerbokke en graan.
- My pa het ook op verskeie vee en graan plase gewerk.
- Ek en my broer het vanaf 2004 deeltyds saam met ons pa met skape en boerbokke geboer.
- Boerdery is my lewe, dit is `n passie.
- As ons saans gaan slaap voel dit die dag was te kort.
- Ons kan nie wag om die volgende dag te begin nie.
- My pa het in 1993 voltyds begin boer, na sy eerste lammeroes het hy gesê "As ek tien jaar gelede geweet het wat ek vandag weet, het ek lankal die werk gelos".
- Watter beter motivering was daar vir my?
- Sy grootste droom was ook om eendag op sy eie plaas te boer, hy het nooit die voorreg gehad nie.

HOE WERK DIT?

- My ouma het altyd vir ons gesê, as jy saans `n stêr sien verskiet, maak jou wens drie keer.
- Ek het altyd gewonder hoekom, later het ek besef, dit is om jou droom lewend te hou.
- Ek doen dit nog elke keer as ek `n stêr sien verskiet , of as ek na die suiderkruis kyk.
- Met die hulp van Dept'e Gondsake en Landbou het ons die voorreg gekry om Klipdrift te huur en te boer vir die volgende dertig jaar.
- Dit is `n voorreg wat baie van ons boere nie het nie.
- Ondervinding, toeweiding, passie, liefde vir die boerdery, bereikbare doelwitte, volhoubaarheid en strewe om suksesvol te wees was nog altyd `n goeie motiveerder.

HOE WERK DIT?

Boerdery Betrokkenheid

- Bestuurder op groot kommersiële plaas
- Kommunale boer

- Groep individuele boere op huur grond
- Bematigings projek – aandeel houding

- Individuele boer op staats huur grond

Wat werk vir my?

- Baie ondervinding op gedoen, bydrae tot sukses van vandag.
- Nie genoeg grond om ekonomiese eenheid te boer nie.
- Kan werk as individue kan saam werk.
- Het nie vir my gewerk nie, want ek wil self boer, sal werk vir mense wat net `n werk wil hê.
- Baie goeie manier om ons onderdrukte/voorheen benadeelde boere weer terug op sukses pad te kry.

UITDAGINGS

Nadele:

- Droogte sedert 2015.
- Die feit dat jy op huurgrond is.
- Befondsing en finansierings moontlikhede – plaas `n beperking op jou boerdery.
- Die feit dat alle nuwe boere op dieselfde vlak geplaas word.
- Nuwe besighede wat sukkel om vaardige mense aan te stel.
- Gebrek aan lewensvaardighede van werkers.

Voordele:

- Om staatsgrond te huur is goedkoper as privaatgrond, nie soveel finansiële druk nie.
- Staatsbefondsing wat ons deur die droogte gedra het en op die pad van sukses geplaas het.
- Ons ondervinding en die ondersteuning deur almal wat betrokke is of hulp verleen.
- Vlak van vaardighede van huidige werkers.

SUKSESSE

- Ons het begin met `n 60% speen persentasie in ons eerste jaar.
- Ons staan nou op 112% en ons doelwit is 140%.
- Ons beeste is afgelope 2jaar op 100%.
- Ons koring het in 2015 600kg/ha geoes, 2016 1.8t/ha (laat plant)en in 2017 weer 1.8t/ha gemiddeld.
- Ons pas bewaringslandbou praktyke toe – no-till planter, wisselbou en dekgewasse sal van volgende plantseisoen deel van ons program wees.
- Lammers word op 100dae gespeen en bemark op `n gemiddelde gewig van 42kg+.
- Probeer om lammers direk van ooie af te bemark, ligter lammers word in kraal afgerond.
- Kry van 2 weke oud af kruipvoeding.
- Skeer twee keer `n jaar gemiddelde C en B lengte op lammers, 17.4 tot 20 mikron.
- Kalwers kry ook kruipvoeding van 2 weke af en word op 7 maande gespeen en bemark op 240 -250kg.
- Huidige werkers se vaardigheids

LESSE GELEER

- Boerdery is nie maklik nie, maar dis lekker.
- Bly nederig en lewe na aan die natuur.
- Stel bereikbare doelwitte en skryf dit neer.
- Wees hard op jouself.
- Hou rekord van alles.
- Boerdery is nie net `n passie nie, dit is `n leefwyse.
- Waardeer dit wat jy het, daar is soveel ander wat daarna
- Maak tyd vir rus en geniet jou lewe.
- Sukses word beïnvloed deur die keuses wat jy maak.
- Moenie jou werkers agterlaat nie, belê in hulle en in hul kinders.
- Maak jou familie deel van jou besigheid - vaardighede moet van kleins af by ons kinders aangeleer en ontwikkel word.
- Wees dankbaar teenoor die Skepper, want met Hom is

AFSLUITING

BAIE DANKIE VIR DIE WONDERLIKE GELEENTHEID OM DEEL TE WEES VAN DIE BERAAD.

VOORSPOED EN STERKTE VIR ALMAL BETROKKE IN ONS LAND SE LANDBOU!